SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

**Solidariteit se Onderwysernetwerk: Onderwyser van die Jaar Toekenning 2025**

**Bepalings en voorwaardes**

1. Nomineer ŉ onderwyser wat na jou mening die titel "Onderwyser van die Jaar" waardig is.
2. Nominasies word gedoen by Onderwyser van die jaar 2025 - Solidariteit Veldtogte deur die betrokke velde in te vul.
3. Inskrywings is gratis.
4. Daar is drie (3) kategorieë
   - Kleuterskool
   - Laerskool
   - Hoërskool
5. Die wenners word aangewys op grond van die aantal nominasies ontvang asook ŉ kombinasie van punte wat in ŉ paneelbeslissing toegeken is.
6. Die genomineerde se lidmaatskap aan Solidariteit se Onderwysernetwerk sal tot sy of haar se voordeel strek en beteken dat hy of sy vir ŉ addisionele puntetoekenning kwalifiseer.
7. Die getal onderwysernominasies wat ŉ nomineerder mag indien, is onbeperk, maar ŉ onderwyser mag slegs een (1) keer deur ŉ spesifieke persoon genomineer word. Die betrokke onderwyser mag egter onbeperk deur verskillende mense genomineer word, en die getal nominasies wat ŉ onderwyser van verskillende persone ontvang, kan tot die onderwyser se voordeel strek. Die aantal kere wat ŉ onderwyser dus (deur verskillende mense) genomineer kan word, is onbeperk.
8. Die getal inskrywings is onbeperk.
9. Die genomineerde is verantwoordelik vir die korrektheid en suksesvolle registrasie van sy/haar inskrywing.
10. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Du Toitstraat 18, Bellville I 18 Du Toit Street, Bellville

11. Die nominasies kan vanaf 15 Julie tot 15 Augustus om 17:00 ingestuur word, waarna 'n siftingsproses sal volg.
12. Nominante het tot en met 20 Augustus 17:00 om hul nominasie te aanvaar. Elke genomineerde sal 'n e-pos ontvang met die skakel na 'n webblad waarop hy of sy as kandidaat moet registreer. Geen inskrywings sal ná 15 Augustus aanvaar word nie en slegs genomineerde kandidate wat hulle nominasie aanvaar het kan vir die toekenning in aanmerking kom.
13. Die Top-10 sal op alle sosiale media platforms gedeel word. Die kommunikasie rondom die video portefeulje wat onderwysers kan indien sal ook aan die Top 10 in elke kategorie gekommunikeer word.
14. Die wenners sal daarna bekend gemaak en na Solidariteit se "Sterre in die Gemeenskap"- geleentheid, wat in Desember plaasvind, uitgenooi word.
15. Die beslissing van die paneel is finaal en is nie onderhandelbaar nie.
16. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
17. Die naam van die wenner sal op al Solidariteit se openbare platforms bekend gemaak word.
18. Geen pryse kan oorgedra, omgeruil of uitgeruil word nie.
19. Die wenner stem in om sy of haar samewerking te gee en aan al die openbare of mediageleenthede van Solidariteit se Onderwysernetwerk wat met die kompetisie verband hou, deel te neem. Die wenner stem ook in dat sy of haar besonderhede op Solidariteit se webblaaie mag verskyn.
20. Alle inskrywings word die eiendom van Solidariteit en sal in 'n databasis opgeneem word, maar die inligting sal vertroulik hanteer word en slegs vir Solidariteit se gebruik wees.
21. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit vir Solidariteit-lidmaatskap en verwante produkte (ingesluit Boufonds, Regsfonds en Jeug) gekontak te word.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Du Toitstraat 18, Bellville I 18 Du Toit Street, Bellville

22. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van die prys.
23. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat ŉ inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur is nie bewys van ontvangs nie. ŉ Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.
24. Die wenner in elke kategorie sal Desember 2025 tydens die Sterre in die Gemeenskap-glansgeleentheid hul pryse ontvang.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Du Toitstraat 18, Bellville I 18 Du Toit Street, Bellville